

## 14. Bybelmedia, Bybelvertaling en Bybelverspreiding

### 14.1 RAPPORT 1 – DEPUTATE BYBEL – BYBELMEDIA (Art 47)

- A. Ds DJ Bakker lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

#### C. RAPPORT

##### 1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.1.1)

Benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespaneel gebruik maak in die keuring van manuskripte.

**Besluit: Kennis geneem.**

##### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Daar het skakeling met Bybelmedia plaasgevind in 'n vergadering tussen Deputate Bybel en Bybelmedia op die 26 November 2010.
- 2.2 Voortspruitend uit die skakeling:
  - 2.2.1 Bybelmedia neem kennis dat hulle ons kan versoek om kundiges aan te wys om op adviespaneel te dien vir keuring van manuskripte.
  - 2.2.2 Die tydskrif "Kruisgewys" met 'n meegaande skrywe (van Deputate Bybel) word aan elke predikant uitgestuur deur Bybelmedia. Hulle versoek dat kundiges uit ons midde teologiese skrywes deurgee vir plasing in die tydskrif.
  - 2.2.3 Bybelmedia stel hulle BM-katalogus aan die Deputate beskikbaar met die moontlikheid dat die Deputate geskikte publikasies en produkte vir die lees en gebruik in die Gereformeerde Kerke kan aanbeveel.
  - 2.2.4 Bybelmedia is ook bereid om behulpsaam te wees met publikasies vir die jeug in samewerking met Kruispad.
  - 2.2.5 Bybelmedia het baie gedoen in die ontwikkeling van kategese handleidings en sou skakeling met die Katkisasie Deputate verwelkom.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.5 kennis geneem.**

##### 3 Sake waarvoor die Sinode besluit

- 3.1 Benoem kundige persone op ad hoc basis, indien Bybelmedia van adviespaneel gebruik wil maak in die keuring van manuskripte.
- 3.2 Dat Deputate Bybel sy skakeling met Bybelmedia voortsit.

**Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.**

## 14.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE BYBEL – BYBELVERSPREIDING (Artt 49, 50, 268)

- A. Ds J van Schaik lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
- C. **Besluit:** Punt 2.8 word verwys na die Kommissie vir Finansies.
- D. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

### E. RAPPORT

#### 1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.2.1 en 5.1.2.2)

- 1.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in stand.
- 1.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes ten op sigte van Bybelverspreiding.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Bydraes deur gemeentes en individue van die GKSA:  
Syfers vir 2009 en 2010 en gedeelte van 2011 lyk soos volg.  
Syfers vir 2011 sal by die opvolgverslag beskikbaar wees.

	2008	2009	2010	2011
	Jan-Des	Jan-Des	Jan-Des	Jan-Mei
1. Individue, BAM en Besighede	207 641.97	136 036.72	144 665.41	63 482.00
2. Kerke, Susters en Jeug	1 116 187.65	1 236 030.12	1 322 367.34	588 961.55
3. Boedels	0.00	0.00		0.00
<b>TOTAAL</b>	<b>1 323 829.62</b>	<b>1 372 066.84</b>	<b>1 467 032.75</b>	<b>652 3.55</b>

- 2.2 Br Hennie Dekker (GKSA verteenwoordiger en voltydse werknemer by BSA) besoek steeds gereeld gemeentes op rotasie basis om die noodsaaklikheid van Bybelverspreiding onder aandag van gemeentes te bring en dus die finansiële ondersteuning van die Bybelgenootskap te bevorder.
- 2.3 Br Dekker bedank gemeentes vir die hartlike ontvangs tydens sy besoeke.
- 2.4 Br Dekker is voltyds by BSA en betrokke by alle interne sake waar hy as verteenwoordiger vir die GKSA instaan.
- 2.5 Daar is reeds vir BSA se Streekkomitees landswyd (elke provinsie) verteenwoordigers aangewys deur al die GKSA se Streeksinodes soos deur die BSA versoek word van alle lede-kerke.
- 2.6 Bybel op Selfoon (BoS) as nasionale projek word aan gemeentes voorgestel en aanbeveel:  
Motivering: Die selfoon is die Jeug se verkose lees en skryf toestel.  
Aksie: 1. Plaas die Bybel op die Kerkjeug se selfone.  
2. 'n Jeug en/of kategetiese koördineerder en/of predikante begelei die jeug om die Bybel interaktief op 'n daaglikse/weeklikse basis te gebruik.  
Voordele: 1. Die Selfoonbybel word die kind se persoonlike Bybel.  
2. Die Bybel is altyd byderhand.  
3. Met gestruktureerde begeleiding begin die Jeug weer Bybel lees of lees baie meer Bybel.
- 2.7 'n NUWE Vertrekpunt vir bydraes deur gemeentes:

Tans R25 per belydende lidmaat per jaar. **Voorstel:** Verandering vir bydraes van “Rand-bedrag” na “Borg ‘n Bybel per jaar” word voorgestel. Die konsep “Borg ‘n Bybel” spreek baie duideliker as Randwaarde. Dit skep ook ruimte om bydraes visueel voor te stel maw hoeveel Bybels het die gemeente tot op die stadium geborg gedurende 2011. Die konsep is meer direk verbind aan die *Bybelverspreiding*-konsep. Geen gereelde aanpassings nodig vir die Randwaarde bydraes nie want die standaardbybel se prys vorm die basis.

- 2.8 Die versorgingspakket van br Hennie Dekker het onlangs drasties verander. Dit raak in besonder br Dekker se vervoertoelaag, medies en pensioen. Die Sinode word versoek om dit dringend op te neem met br Dekker en ‘n aanbeveling aan die Sinode te maak vir besluitneming.

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.8 kennis geneem.**

### 3. Sake waarvoor die Sinode besluit

- 3.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot br Hennie Dekker wat baie kosbare werk verrig binne die BSA en GKSA.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 3.2 Die Sinode gee aandag aan die versorging van br H Dekker.

**Besluit: Afgekeur.**

- 3.3 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot die BSA vir die noodsaaklike werk wat hulle verrig om die Bybel en geestelike leesstof daar te stel, te bevorder en te versprei.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 3.4 Die Sinode stel die riglyn vir bydraes per belydende lidmaat per jaar vir Bybelverspreiding, vas op die Randbedrag om een Bybel te borg. Die Sinode bevorder dus die projek: “Borg ‘n Bybel per jaar”.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 3.5 Die Sinode ondersteun en bevorder projek “Bybel op Selfoon” (BoS).

**Besluit: Goedgekeur.**

## F. AANVULLENDE RAPPORT

### 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 1.1 Die inkomste van die totale GKSA vir die Bybelgenootskap se 2010 boekjaar lyk soos volg:

	2010	2009	%
Wes-Kaap	171 151.90	180 416.78	-5.14%
KZN Suid	31 267.15	24 785.10	26.15%
KAS (Kemptonpark)	895 456.36	1 034 937.92	-13.48%
Bfn & Noord-Kaap	113 645.97	149 773.83	-24.12%
Oos-Kaap	48 878.95	48 651.39	0.47%
KZN Noord	2 904.00	2 593.00	11.99%
<b>Totaal</b>	<b>1 263 304.33</b>	<b>1 441 158.02</b>	<b>-12.34%</b>

- 1.2 Aantal Bybels versprei – 2010 boekjaar: Net meer as 1 000 000.

**Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.**

## G. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

### Aanbeveling oor 2.8

Die Deputate Bybel moet in samewerking met die betrokke Skakeldeputaat, die saak met die Bybelgenootskap opneem en by die volgende Sinode terugrapporteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

H. **GROETEBOODSKAP VAN BYBELGENOOTSKAP**

Ds DJ Bakker stel ds D Taljaard bekend waarna die voorsitter, ds SD Snyman laasgenoemde aan die woord stel vir die oordra van die groeteboodskap. Nadat ds D Taljaard die vergadering toegesprek het, rig die voorsitter, ds SD Snyman 'n dankwoord aan ds D Taljaard vir die lewer van die boodskap asook die werk wat die Bybelgenootskap doen.

## 14.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE BYBEL – BYBELVERTALING (Art 48)

- A. Dr AJ Kruger lewer die rapport.
- B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

### C. RAPPORT

#### 1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.3.1, 5.1.3.2, 5.1.3.3)

- 1.1. Benoeming van persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.
- 1.2. Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
- 1.3. Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer t.o.v. die Godsdname JHWH en Adonai in die Ou Testament en moet deurlopende aandag genoot.

**Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**

#### 2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1. *Insake die benoeming van persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap*
  - 2.1.1. Die volgende persone is benoem, met hersiening wanneer nodig, en hulle het ook die vergaderings van die Advieskomitee bygewoon: Proff HJN van Deventer, JJ J van Rensburg, HF van Rooy en PP Krüger.
  - 2.1.2. Daar is vertalers vanuit die geleedere van die GKSA aangewys wat deurentyd betrokke is by die vertalingsproses van die NAB.
    - 2.1.2.1. Die proses is aan die gang, maar verloop stadiger as wat aanvanklik bereken was. (**Bylae 1** is 'n skrywe van prof Bernard Combrinck oor die proses en vordering van die werk aan die vertaling.)
    - 2.1.2.2. Die amptelike benaming vir die vertaling is: "Die Bybel in Afrikaans: 'n Direkte vertaling".
- 2.2. *Insake opdrag: Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel*
  - 2.2.1. Voorkomende sake word op 'n ad hoc basis hanteer.
  - 2.2.2. Die aantal meewerkende kerke aan die huidige proses is heelwat groter as in die verlede (toe dit hoofsaaklik die GKSA, NG Kerk en NH Kerk was wat betrokke was). Alle Christelike kerke met 'n belang in 'n Afrikaanse vertaling is uitgenooi om deel te wees van die proses.
  - 2.2.3. Aangeheg as Bylae 2 is 'n skrywe oor die weergawe van Ou-Testamentiese gedeeltes met Messiaanse strekking. Dit blyk dat daar waarskynlik twee uitgawes van die nuwe vertaling sal wees – een wat algemeen versprei word sonder hoofletters by hierdie gedeeltes en een wat deur kerkgenootskappe versprei sal word wat die uitgawe met hoofletters verkies.
  - 2.2.4. Gedeeltes afgehandel tot na fase twee van die vertalingsprojek word tans aan kerklike lesers gestuur vir kommentaar. Daar is persone uit die GKSA wat deelneem aan die projek en die gedeeltes kan ook van die internet afgelaai word op die Bybelgenootskap se webblad (**Bylae 3** – die eerste nuusbrief aan die kerklike lesers).
  - 2.2.5. Die projekleier (prof Combrinck) het spesifiek dank uitgespreek teenoor die GKSA wat dit finansiële moontlik maak vir sekere professore om tyd te bestee aan vertaalwerk deur gelde beskikbaar te maak vir *locum tenentes* wat die professore se las ligter maak.
  - 2.2.6. Dit is dalk nodig om kennis te neem dat die Deutero-kanonieke boeke t.w.v. veral die Rooms Katolieke Kerk ook vertaal word. Daar sal, soos in die verlede met die 1933-vertaling, 'n aparte uitgawe van die Bybel met Deutero-kanonieke boeke wees.
- 2.3. Die opdrag t.o.v. die onderskeidende vertaling van die Godsdname *JHWH* en *Adonai* in die Ou Testament is aangespreek op vergaderings van die Advieskomitee en daar is 'n

vertalingsriglyn hieroor uitgereik (**Bylae 4**) nl. dat die Godname wel onderskeidend vertaal word.

2.3.1. Vir die GKSA is dit belangrik om te let op die volgende vertalings:

2.3.1.1. יהוה – [yhwh] “die HERE” of “HERE” (wanneer nie in kombinasie met ander name)

2.3.1.2. אֲדֹנָי en אֲדֹנָי – [’adōn en ’ādōnaj] “die Heer” en “my/ons Heer”

**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.1.2 kennis geneem – wysiging is reeds aangebring – Deputate Handeling.**

### **3. Sake waaroor die Sinode besluit**

3.1. Die opdrag word gekontinueer soos by Sinode 2009, nl.

3.1.1. Benoem steeds en voortdurend persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap (KABA).

3.1.2. Verleen steeds en voortdurend samewerking in alle sake wat verband hou met “Die Bybel in Afrikaans: ’n Direkte vertaling”.

3.1.3. Die uitvoer van die vertalingsriglyn t.o.v. die Godname JHWH en Adonai in die Ou Testament word deurlopend gemonitor (Acta, 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met in ag neming van die bestaande riglyn vir vertalers (pt 5 hierbo).

**Besluit: Punte 3.1. en 3.1.3 goedgekeur.**

3.2 Die GKSA ook in die toekoms na die nuwe Afrikaanse Vertaling sal verwys as “Die Bybel in Afrikaans: ’n Direkte vertaling”.

**Besluit: Goedgekeur.**

3.3 Die Sinode sy dank uitspreek teenoor die Bybelgenootskap vir die tyd, geld, geloof en toewyding waarmee hierdie taak aangepak word.

**Besluit: Goedgekeur.**

3.4 Alle vertalers, begeleidingspan en alle medewerkers voortdurend aan die Here opgedra word in gebed vir sy besondere toerusting aan die persone.

**Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).**